

Die krag om jaloesie te oorkom.

Teks: Johannes 3: 22-36

Fokus: Joh. 3: 26

Die woordewisseling tussen Johannes se volgeling en die Jood gaan daaroor dat hulle Johannes teenoor Jesus stel. Hulle sien dit as 'n tipe kompetisie en die realiteit is dat 'n klomp van Johannes se volgeling hulle nou by Jesus skaar. Boonop is die plek waar Jesus bedien, nie vreeslik ver van Johannes af nie.

Johannes smoor hierdie potensiële konflik en jaloesie in die kiem deur daarop te wys dat hy nie teenoor Christus staan nie, maar saam met Hom is. Inteendeel, Johannes stel homself onder Jesus in vers 30.

Daarin sien ons dat Johannes sy plek geken het, omdat hy Jesus se plek geken het.

Jaloesie het die vermoë om ons so maklik uitmekaar te dryf. Jaloesie maak dat ons perspektief verloor op die ware missie waarmee ons besig is. Die gevolg is dat verhoudings en kerke uitmekaar skeur. En die groot rede agter hierdie jaloesie is die feit dat ons ambisie en eer ons dryfkrag in die lewe word.

Jy voel dalk of mense meer respek het vir jou kollega as vir jou. Die versoeking is dan groot om die persoon te benadeel en af te kraak sodat jy kan beter lyk. Jy wil hom nie meer effektief maak of help dat mense hom meer respekteer ten koste van jou eie eer en roem nie.

Johannes was van twee goed oortuig en dis twee belangrike sake waarin ons ook vrede moet hê om sodoende jaloesie uit ons harte te kan verdryf.

Johannes weet dat God gesag gee.

Johannes was oortuig daarvan dat God in beheer is en aan mense gesag gee soos Hy wil. Daarom sê hy:

“Niemand besit enige bevoegdheid om iets te doen as dit nie uit die hemel aan hom gegee is nie.” (Joh. 3:27).

Jesus se gesag kom van Bo en daarom het Johannes dit so aanvaar.

Hy is oortuig van sy roeping.

Nadat Jesus begin het met sy bediening, het Johannes nie opgehou met sy werk nie, selfs al het sy dissipels Jesus begin volg. Hy was steeds getrou aan sy roeping omdat hy oortuig was dat sy roeping van God kom. Van hierdie roeping getuig Johannes wanneer hy sê:

“Ek is nie die Christus nie. Ek is maar net voor Hom uitgestuur.” (Joh. 3:28)

Johannes was tevrede met die roeping wat vir Hom beskore was, al het dit beteken dat mense nie agter hom aangaan nie, maar agter Jesus aan.

In Christus het ons soveel meer rede, as Johannes, om jaloesie in die kiem te smoor. Want!:

Ons het die grootste eer/gesag in Christus ontvang.

Ons raak maklik jaloers omdat ons graag eer wil ontvang. Daarom is dit belangrik om te verstaan wat ons verlossing in Christus beteken.

Jesus, die almagtige, was bereid om mens te word en verneder te word. Dit terwille van ons. Wanneer ons roeping inhou dat ons nie altyd die eer kry wat ons sou wou hê nie, dan moet ons dink aan wat Jesus vir ons gedoen het. In Hom kry ons die grootste eer en dit is om kinders van die allerhoogste God te wees.

Ons word in Christus geroep.

Verder gaan jaloesie ook dikwels gepaar met die pyn van verwerping. Daarom moet ons ook onthou dat Jesus bereid was om deur 'n pynvolle vernederende proses te gaan ter wille van ons.

Die vernedering en pyn wat sy roeping ingehou het, het ons verhoog. Daarom moet dit nie vir ons gaan oor wie agter ons is nie, maar oor Jesus wat ons voor oë hou. Ons moet gehoorsaam wees aan Hom.

Daarom sal dit nie vir ons belangrik wees hoeveelheid mense ons sienings aanvaar nie, maar wat wel belangrik is, is dat Jesus ons volkome aanvaar het, en daarom sal ons alleen aan Hom gehoorsaam wil wees.

Wees daarom getrou aan jou roeping al hou dit soms pyn en seer in, want ook daarin volg jy Jesus se voorbeeld.